

Dit mag goed gaan, dankie

Dit is twee dae na Kersfees met Nuwejaar om die draai. So is dit ook met die goeie en die slegte van die lewe. Dit is die werklikheid van die lewe. Kan jy met God oor al hierdie werklikheid praat soos jy met jou man, jou vrou of jou beste vriend en vertroueling sou praat?

In hulle gesprek met God is daar min dinge waaroor Israel gelukkig is. Hulle gesprek is deurweek van die trane wat hulle kos is (vs 6). Hulle is in konflik met hulle bure en hulle vyande lag hulle uit (vs 7). Te midde van hierdie slegte ervarings lyk dit asof God afsydig staan (vs 5). Daarom pleit hulle by God: “Almagtige God, laat dit weer met ons goed gaan, verskyn tog tot ons redding!”

Al wat hulle nog het is die herinneringe aan die goeie ou dae toe God hulle soos ’n Herder gelei het (vs 2) en toe Hy hulle soos ’n wingerd geplant het (vs 9). Hierdie herinneringe laat die klag nie verstom nie. Inteendeel, die klag word ’n uitroep om die verskyning van God. Dit is juis hulle wat uitgekies is (vs 18) wat om genade roep. In die slegte werklikheid vloek hulle nie, maar bid. Dit gaan goed, nie vanweë beter omstandighede nie, maar omdat God verskyn en omdat God red.

Kyk jy weer na die lewenswerklikheid, mag dit met jou goed gaan. Dit gaan miskien nie goed volgens jou smaak nie, maar goed omdat dit Kersfees geword het. God het verskyn in Jesus Christus, die goeie Herder. Met jou vreugde en trane, met die mooi en lelik in jou lewe het jy deur Jesus vrye toegang tot God. Met Hom mag jy praat en tot Hom mag jy roep. Daarom gaan dit goed.

*Sing: Psalm 116:1, 5 (1936-beryming);
Psalm 116:1, 3 (2001-omdigting)*

Ds. CA Jansen (Welkom-Noord)